Saterdag **14 September**

**Skrifgedeelte: Jesaja 40:6-8; Psalm 119:65-72**

**Fokusgedeelte: Psalm 119:65, 68, 71 (AFR53)**

**HERE, doen aan my volgens u ewige Woord!**

Dit is ’n moeilike saak om met die skeptisisme van ons tyd saam te leef. Mense is so skepties wanneer daar beloftes gemaak word. Ons sal sekerlik sê: Tereg, want hoeveel van die beloftes wat gemaak word, word werklik nagekom? Hoeveel van wat gedoen moet word, word ooit gedoen? Dan lewe ons skepties oor wat deur mense gesê word.

Dit is weereens troosvol om hierdie woorde te hoor: *die woord van ons God hou stand in ewigheid*. Hierop kan ons vertrou en hoop. Want teenoor die woorde van mense wat maklik gesê word en nie sommer gedoen word nie, het ons God se woord wat nie net ewig staan nie, maar ook deur Hom uitgevoer word.

Die woord in die oorspronklike beteken nie net dat die woord van God sal standhou nie, maar dat dit vervul sal word, asook bewys sal word. God se woord is met ander woorde ’n uitvoerende woord. Dit wat God sê, dit doen Hy ook. Hy tree op volgens sy woord. Hy sê nie een ding en doen ’n ander ding nie.

Jy het nooit nodig om te wonder waar jy met die HERE staan nie. Hy staan op sy woord. Ons kan Hom daarom op sy woord neem, en sal nooit beskaamd staan nie. Wat Hy sê, doen Hy – Hy vervul sy woord.

Ook die Psalmdigter getuig daarvan, as hy sê: *U het goed gedoen aan u kneg, HERE, na u woord*. Hy hou by sy woord. Hy hou Homself by sy woord. Daarom is dit so ’n wonderlike saak om God se woord te ken. Daarmee leer ons Hom nie net ken nie, ons leer sy optrede ook ken.

Wanneer ons dan sy optrede, getrou aan sy woord, sien – al is dit deur die dal van doodskaduwee – soos wat Josef beleef het, rig dit die kind van God se oë op die HERE. Want ons is nie onbekend met sy optrede nie. Ons het sy woord leer ken, en weet Hy tree daarvolgens op. Ons het vertroue in wat Hy doen, al is dit in ons swaarste aanvegtinge.

Hy is daarom nie vir ons ’n vreemde God wanneer omstandighede moeilik of swaar en uitdagend word nie. Nee, ons sing saam met die Psalmdigter: *U is goed en doen goed; leer my u insettinge ... dit is goed vir my dat ek verdruk was, sodat ek u insettinge sou leer*.

*Sing: Psalm 119-1:23, 24, 25*

*Ds. DJ (Dirk) Dykstra (Nigel)*